

Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

April 2021 Uitgawe 2

	<p>NPA tackling GBVF</p> <p>Page 6</p>	<p>STAY SAFE</p> <p>PROTECT SOUTH AFRICA</p> <p>TOGETHER WE CAN BEAT CORONAVIRUS</p>		<p>New fund to assist black farmers</p> <p>Page 11</p>
---	---	---	---	---

Vaccination programme rolls on



President Cyril Ramaphosa with Simphiwe Ntombela, who is the Production Manager at the Aspen Pharmacare sterile manufacturing facility in the Eastern Cape.

been identified across the country.

“These include general practitioners’ rooms, community clinics and pharmacies, retail outlets and in some instances, larger facilities like stadiums and conference centres,” he said.

Electronic Vaccination Data System

Government has established an Electronic Vaccination Data System to manage the vaccine rollout and direct people towards vaccination sites closest to where they live.

“This system will allow you to register, receive an appointment date and site, and receive a digital certificate or a hard copy confirming your vaccination status once vaccinated.

“Everyone that will be vaccinated will have to be registered on the system first, and you will be invited to register once you become eligible,” the President said.

Government will work with provincial and district structures and community-based organisations to register those citizens who do not have access to technology.

“We are developing mechanisms to identify and register

South Africa’s Coronavirus Disease (COVID-19) vaccination programme is making good progress, with the second phase expected to start soon.






During a recent address to the nation, President Cyril Ramaphosa said Phase 2 of the programme is scheduled to start in mid-May, with registration expected to take place in April.

“Under Phase 2, we hope to vaccinate more of our people over six months,” said the President.

In line with international best practice, in Phase 2 government will prioritise those at the highest risk of hospitalisation and death, such as people over 60 and people living with comorbidities.

“To ensure that we have supporting infrastructure over 2 000 vaccination sites have

Cont. page 2

	<p>To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:</p> <p>   </p> <p>Search for SA Government on Google playstore or appstore</p>	<p>CONTACT US</p> <p>  Vuk'uzenzele  @VukuzenzeleNews </p> <p> Website: www.gcis.gov.za Email: vukuzenzele@gcis.gov.za </p> <p> www.vukuzenzele.gov.za Tel: (+27) 12 473 0353 </p> <p> Tshedimosetso House: 1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083 </p>
---	--	--

FREE COPY NOT FOR SALE



Godsdienstige gemeenskap is onontbeerlik in die stryd teen KOVID-19

Baie Suid-Afrikaners het onlangs saam met mense regoor die wêreld belangrike ge-wyde feeste gevier. Lede van die Joodse geloof het Pesach eerbiedig, Christene vier Paasfees en Moslems sal binnekort die heilige maand van Ramadan onderhou.

Vir die tweede agtereenvolgende jaar word hierdie geleentheid gevier te midde van 'n vernietigende wêreld-wye pandemie wat reeds die lewens van 2.5 miljoen mense regoor die wêreld geëis het.

Geloofsgebaseerde organisasies was sover onontbeerlik in ons nasionale reaksie tot die siekte, nie net deur geestelike vertroosting en leiding te bied nie, maar ook deur te sorg vir diégene wat die kwesbaarste is vir die nagevolge van die pandemie, onder meer deur die verskaffing van kos, huisvesting en ander maatskaplike dienste.

Geloof speel 'n belangrike rol in die lewens van miljoene Suid-Afrikaners, en gesamentlike aanbidding as 'n geloofsgemeenskap speel 'n onontbeerlike rol in hulle godsdienstige uitlewing.

Om as 'n geloofsgemeenskap te kan vergader, is ook 'n welkome blaaskans te midde 'n tydperk van erge swaarkry vir individue, gesinne en gemeenskappe.

Dit is te verstane dat na meer as 'n jaar van gebuk gaan onder beperkings op godsdienstige saamtrekke, die godsdienstige gemeens-



kap uitsien na 'n teken van normaliteit.

Ter erkenning van die belangrikheid van gemeenskaplike aanbidding vir ons mense het die regering met die geloofsgemeenskap in gesprek getree.

Leiers van die geloofsgemeenskap begryp en voorsien die gevaar van 'n nuwe vlag van KOVID-19-infeksies. Sedert die uitbreek van die pandemie het godsdienstige leiers proaktiewe en positiewe maatreëls in plek gestel om die verspreiding van die siekte onder aanbidders te beperk.

Nog 'n belangrike faktor is dat godsdienstige organisasies wesenlike verliese tydens die onderskeie inperkingsvlakke gely het, wat gevolglik hul volhoubaarheid bedreig. As regering bly ons daartoe verbind om saam

met die geloofsgemeenskap te werk om werkbare oplossings te vind.

Terselfdertyd moet openbare gesondheid en veiligheid ons belangrikste oorweging bly.

Die geloofsgemeenskap het ondernemingsgees en inisiatief in hul aanbidding getoon in 'n tyd wat daar groot onsekerheid oor die gang van die pandemie was.

Byeenkomste is aanlyn gehou en aanbidders is aangemoedig om tuis te bid eerder as om dienste by te woon. Dit het baie bygedra tot die nasionale poging om die verspreiding van die virus te bekamp.

Godsdienstige leiers speel 'n deurslaggewende rol daarin om die publiek aan te moedig om gesondheidsmaatreëls rakende belangrike gebruike en kulturele rituele,

soos begrafnis, na te kom.

Net so het ons mense ook hul verbintenis getoon om openbare gesondheidsmaatreëls en sosiale afstand te handhaaf. Hulle verstaan ook dat hulle moet voortgaan om groot skares te vermy.

Ons is nou in 'n tyd waar voorsorg belangriker as ooit is. Die koronaviruspandemie is nog nie uitgewis nie, hetsy in ons eie land of in die wêreld. Die gevaar van 'n derde vlag is 'n werklikheid.

Internasionale ondervinding het ons geleer dat ons nie die noodlot moet tart nie. Baie lande het hulle maatreëls, verslap, net om daarna weer 'n skerp toename in infeksies te ervaar, wat dan die instelling van selfs strengere beperkings noodsaak.

Groot byeenkomste, hetsy godsdienstig of andersins,

het die potensiaal om die virus te versprei ongeag die toepassing van maatreëls oor sosiale afstand en ontsmetting.

Miljoene Suid-Afrikaners onderhou deurlopend steeds 'n belangrike beginsel van hul geloof. In 'n land wat die reg tot godsdienstvryheid verskans, moet alles moontlik gedoen word om ons mense te ondersteun in die uitoefening van hierdie reg. En in die uitoefening van hierdie reg moet ons seker maak dat ons nie die regte of lewens van ander op die spel plaas nie.

Dit is 'n beginsel wat die godsdienstige leiers met wie ek gepraat het, ten volle begryp en ondersteun. Hulle verstaan die verantwoordelikheid van alle gelowiges – inderdaad van alle Suid-Afrikaners – om die praktiese maatreëls wat in plek gestel is om mense se gesondheid te beskerm en lewens te red, na te kom.

Vir langer as 'n jaar het ons as samelewing saamgespan om die pandemie in bedwang te hou. Soos ons nou werk om dit te oorwin, moet ons ons gedeelde vasberadenheid herbevestig om versigtig en verantwoordelik op te tree.

Deur dit te doen, sal ons prakties uitvoering gee aan die universele boodskap van hoop, redding, vryheid en solidariteit waarvan in die kerke, sinagoges, moskees en huise van ons land gepraat sal word in die dae en weke wat kom. **U**

Pluimveeplan 'n meesterhou vir plaaslike boere

SUID-AFRIKA se hoender- en eierbedryf vlieg hoog danksy die Pluimveemeesterplan.

Toe Beverly Mhlabane winkel toe is om eiers te koop, het sy nie geweet dat teen die tyd wat sy terug sou wees, 'n plan vir haar eie klein suksesvolle besigheid in haar agterkop sou broei nie.

“Ek is eendag winkel toe om eiers te koop en sien toe die eiers is baie duur. Ek besluit toe om 10 lêhoenders te koop sodat ons eiers vir die huis kan kry,” sê sy.

'n Hen lê elke 26 uur 'n eier, wat beteken dat Mhlabane 'n gemiddelde van agt of nege eiers elke dag kon kry.

Twee maande later het sy begin om die eiers aan haar bure te verkoop. Dit het daartoe gelei dat sy haar motorhuis in 'n hoenderbatterystelsel omskep het. Sy het op daardie stadium ook 'n groentetuin in haar agterplaas gehad.

Mhlabane, wat voorheen 'n ingenieur was, het altyd beplan om die korporatiewe wêreld te verlaat en haar eie eiendomsagentskap te begin. In 2014, nie lank nadat sy die hoenders aangeskaf het, het sy twee hektaar grond in Benoni, Gauteng, gekoop met die bedoeling om woonstelle daar te bou.

Sy kon egter nie voortgaan met haar plan nie, aangesien die grond geormerk was vir landboudoeleindes. Sy het toe liewer besluit om haar klein boerdery-onderneming uit te brei.

Lang proses

'n Gebrek aan infrastruktuur soos heinings, watertanks en elektrisiteit het egter beteken dat sy eers in 2016 die grond kon begin gebruik. Die 49-ja-



Beverly Mhlabane is die trotse eienaar van Zapa-plaas.



rige onthou hoe sy navorsing oor die boerderybedryf op Google gedoen het.

Haar babatreetjies het vrugte afgewerp en vandag is sy die trotse eienaar van Zapa-plaas, 'n suksesvolle kommersiële landbou-onderneming.

Sy het van krag tot krag gegaan en waar sy aanvank-

lik haar twee hektaar grond gebruik het om haar eierproduksie te verhoog en spinasie, krulkool, groen soetrissie en tamaties te kweek, wat sy plaaslik verkoop het, het sy vandag twee groentetonnels waar 1.5 hektaar verbou word en lêhuise met 'n kapasiteit van 5 000 en 2 000 lêhoenders.

Die plaas lewer produkte aan onder meer vier Wimpy-restourante, Pick n Pay, 'n Holiday Inn-hotel en plaaslike spaza-winkels.

“Ons ervaar egter 'n tekort aangesien ons aanvraag ons aanbod oorskrei. Gevolglik koop ons eiers van ander plaaslike produsente af in. Ons het 'n goedgekeurde omgewingsimpak-assesering vir 120 000 lêhenne en het dus kapitaal vir die uitbreiding nodig,” sê sy.

Pluimveemeesterplan

Mhlabane het hulp gehad om 'n suksesvolle boer te word. Sy is een van die talle opkomende boere wat voordeel trek uit die Pluimveemeesterplan wat ontwikkel is deur die regering en belanghebbendes in die bedryf, insluitend pluimveeprodusente, boere, verwerkers, uitvoerders, invoerders en georganiseerde arbeid.

Die plan, wat in 2019 onderteken is, is daarop gemik om werk in die bedryf te

skep deur 'n aantal maatreëls toe pas wat oor die volgende paar jaar bekendgestel sal word.

As 'n uitvloeisel van hierdie plan het die Suid-Afrikaanse Pluimveevereniging (SAPA) vir Mhlabane se watergebruiklisensie betaal en haar van opleiding oor eierproduksie voorsien.

Steun vir boere

SAPA se algemene bestuurder, Izaak Breitenbach, sê die bedryf het miljoene belê in die ondersteuning van swart boere en die uitbreiding van pluimveeproduksie met 5%. In slegs 12 maande is 13 swart boere in produksie gevestig en 960 werksgeleenthede geskep.

“Die bedryf het R870 miljoen belê om markte vir 50 swart kontrakprodusente te skep en om uitvoere te fasiliteer om plaaslike werksgeleenthede te skep. Die bedryf het ook betaal vir besigheidstudies vir 19 swart boere wat in 'n program van die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling opgeneem is,” sê hy.

Veertig onafhanklike swart boere word ook voorsien van pluimveeverwante raad en opleiding.

“Die bedryf het ook 'n databasis van 670 boere in klein-, medium- en mikro-ondernemings (KMMO's) vir wie ons bystaan met die nodige inligting,” sê hy.

SAPA het verder 'n boek beskikbaar gestel om boere te leer oor pluimveeproduksie en die ontwikkeling van hul eie sakeplanne.

Hoenderprodusente het onderneem om R1.5 miljard oor die volgende vier jaar in 'n vars belegging in hul eie produksiefasiliteite te belê, wat 4 000 bykomende werksgeleenthede behoort te skep.

Die bedryf sal ook R1.7 miljard belê in die vestiging van 50 kontrakboere op kommersiële vlak. Hierdie belegging sal deur die bedryf en verskeie regeringsagentskappe ondersteun word. **U**

Bron: SAnews.gov.za

Vir meer inligting,
kontak SAPA by
011 795 9920.